

Druk uit en  
hou in jou Bybel



Geopende *Deure*

# GEBEDSKALENDER

DESEMBER 2019

## 1 | KINDERS VAN DIE VERVOLGDE

**KERK** In party lande word Christenkinders geboelie deur hul skoolmaats en selfs hul onderwysers. Terwyl, in ander lande, verduur hulle verwerping van hul families of indirekte vervolging deur die gevangeskap of dood van hul Christenouers. Bid vir ons toekomstige generasie en ligdraers, dat hulle kragtig in hul geloof sal groei.

## BID VIR ONS TOEKOMSTIGE GENERASIE...

**2 | BROENEL** Die geestelike lewe van Christenkinders word verwaarloos omdat hul ouers te besig is met werk om vir hulle die Woord van God te leer. Hulle word groot met 'n flou geloof. Bid vir God se wysheid vir Christenouers om hul kinders groot te maak met 'n kennis van God se liefde, ondanks hul werkskedules.

**3 | MALEISIË** 'n Onderwyser het ons vertel, "Meeste van die Christenleerlinge in Oos-Maleisië weet nie wat 'n Christelike lewe is nie. Hulle het nog nooit die Bybel gelees nie, selfs al is hulle in 'n Christelike familie gebore." Bid vir meer toegewyde en goddelike Christenonderwysers om hierdie jongmense te help om hul kennis van God te verdiep.

**4 | MALEDIVE** Die mense van Maledive word deur soveel maatskaplike kwessies geteister – dwelmverslawing, 'n bendekultuur, verkragting, en selfs bloedskanie, wat veral jongmense affekteer. Bid vir God se ingryping en dat

"Maar Jesus het gesê: 'Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle.'"

Matteus 19:14 (1983 Vertaling)

## MALEDIVE vervolg

Hy Homself aan hulle sal openbaar in drome en visioene sodat hulle Hom kan vind, en in Hom, hoop en 'n toekoms.

**5 | IRAN** Baie tieners en jong volwassenes raak verslaaf aan dwelms, alkohol, pornografie en sosiale media vanweë 'n toenemende gevoel van hopeloosheid en 'n tekort aan vooruitsigte. Bid vir diegene wat opgelei word as jeugleiers sodat hulle ander Christenjeugdiges kan beïnvloed.

**6 | NOORD-KOREA** In Noord-Korea word kinders by die skool geleer dat Christene boos is en hulle leed sal aandoen. Christenouers kan dus nie hul geloof met hul kinders deel nie. Bid vir die kinders van geheime gelowiges in Noord-Korea dat hulle, op een of ander manier, die Evangelie sal hoor en die keuse sal maak om Jesus te volg.



**7 | INDIË** Sommige Christenstudente ervaar diskriminasie wanneer hulle aansoek doen vir studielenings by hul banke. Bid vir God se voorsiening vir hulle ten opsigte van hul studies.

**8 | SRI LANKA** Volgens die Aartsbiskop van Colombo, Kardinaal Malcolm Ranjith, het minstens 176 kinders een of beide hul

## SRI LANKA vervolg

ouers in die Paasfees-bomaanvalle vroeër vanjaar verloor. Bid vir troos en krag vir hierdie kinders terwyl hulle steeds probeer sin maak uit hul verlies.

**9 | CHINA** In 'n poging deur die regering om die jonger generasie van die Evangelie te vervreem, word geen kind of tiener onder die ouderdom van 18 toegelaat om 'n kerk binne te gaan of aan 'godsdienstige aktiwiteite' deel te neem nie. Bid vir hierdie jongmense – dat hulle die Evangelie sal leer ken deur hulle ouer Christenfamilieled.

## BID VIR ONS LIGDRAERS...

**10 | ISRAEL EN PALESTINA** Vroeër vanjaar het baie kinders somerkampe bygewoon waar hulle oor die Bybel en oor Jesus en Sy liefde vir hulle geleer het. Bid dat hul lewens met hierdie liefde en hoop gevul sal word ten spyte van die moeilike omstandighede wat hulle ervaar.

**11 | LIBANON** Bid vir die baie jongmense in dié land wat Jesus met hulle hele hart liefhet. Bid dat deur hul lewens, baie mense Christus sal ervaar en dat dit 'n impak op die hele land sal hê.

**12 | EGIPT E** In 'n land waar vervolging volop is, help kinderbediening ons jonger broers en susters om sterk, opgeleide kinders te word wat bewus is van hul waarde in Christus. Bid dat deur hierdie bediening baie kinders in hul identiteit in, en liefde vir, Christus sal groei.

**13 | BANGLADES** Dank God vir 'n suksesvolle jeugkamp in Julie vir meer as 400 jeugdige. Bid vir die jong deelnemers, dat hulle bly versterk en bemoedig sal word in die geloof deur alles wat hulle by die kamp geleer het.

**14 | MALEDIVE** Kinders in die Maledive word van 'n jong ouderdom onderrig in

## MALEDIVE vervolg

die Koran. Bid dat God in hul lewens sal ingryp en h sterk 'eerste indruk' sal laat, sodat wanneer hulle ouer is, hulle na Jesus sal soek.

**15 | IRAK** Bid vir die jongmense van hierdie land wat geen toekoms sien nie vanweë die korrupsie en gevaar van nuwe ekstremistiese groepe. Bid dat jongmense h rede sal vind om in Irak te bly, ondanks al die moeilikhede.

**16 | BHOETAN** In h samelewing waar verhoudingsgebruike bots met hul geloof, help Geopende Deure se Jeugdissipelskapsprogram jongmense om te weet wat h gesonde verhouding is. Bid dat dié program Christenjeugdiges sal help om goddelike verhoudings te hê, sodat die komende generasies h sterk geloof en goeie families en leraars sal hê.

## BID VIR ONS SEUNS...

**17 | SIRIË** Abraham (7) het sonder sy pa grootgeword nadat hy ongeveer ses jaar gelede deur ekstremiste ontvoer is. Bid dat God h vader sal wees vir kinders soos Abraham wat hul pa's verloor het aan ontvoerings, die geveg in die burgeroorlog of die dood vanweë die oorlog.

**18 | PALESTINA** Toe Peter (17) se pa oortuig was dat hy sou kon ryk word en kon trou met 'n tweede vrou as hy tot Islam bekeer, het Peter en sy sibbe in h weeshuis opgeëindig. Peter het uiteindelik op die straat beland waar Geopende Deure hom help het deur ons Hoop-skool. Bid vir die baie "Peters" wat verwaarloos of verwerp is deur hul families.

**19 | COLOMBIË** In plekke soos Colombië word jong seuns kragdadig opgekommandeer tot onwettige gewapende groepe. Bid vir hierdie kinders in Colombië – dat God hulle van hierdie onwettige gewapende groepe sal beskerm.

**20 | BANGLADES** In Junie moes Imran (7) h oogoperasie ondergaan nadat Zihad (15) en sy vriende hom met h klip gegooi het oor hy h Christen is. Genadiglik gaan dit goed met Imran. Bid dat Zihad en sy vriende berou sal hê oor wat hulle gedoen het en vergifnis van die familie sal vra.

**21 | TSJAD** Seuns, so jonk as sewe, ervaar druk om deel te neem aan inisiasie rituele. Dit plaas baie druk op Christenfamilies wat nie wil hê dat hul seuns aan hierdie rituele moet deelneem nie. Bid vir beskerming vir hierdie seuns en wysheid vir hul ouers.

**22 | EGIPT** "Rook, dwelmgebruik, en pornografie versprei in die skool. Ons seuns wil soos die ander kinders wees, en somtyds boots hulle hierdie slegte gewoontes van hul vriende na," sê Dyala oor haar seuns. Bid vir jong seuns in Egipte – dat hulle die keuses sal maak wat Christus weerspieël, ongeag wat.

**23 | IRAK** Marsel (12) droom van h stad waar mense mekaar help en liefhet, en waar hy in die straat saam met sy vriende kan speel. Bid dat hierdie droom eendag binnekort h realiteit vir Marsel en die baie ander kinders in Irak sal word.



## BID VIR ONS DOGTERS...

**24 | KIRGISTAN** Amira woon in 'n skuilhuis nadat sy van haar Moslemfamilie moes vlug wat wil hê dat sy moet herbekeer en met 'n Moslemman trou. Bid vir haar veiligheid en dat sy, te midde van vervolging, sterker sal word in haar geloof. Bid ook vir haar familie om Jesus te leer ken.

**25 | CHINA** Jiajia is 'n jong Christenmeisie vanuit 'n Boeddhistiese agtergrond. Vroeër vanjaar, sonder geld, moes Jiajia net eenvoudig haar eie duim toedraai nadat 'n familielid dit gebreek het omdat sy nie voor hulle afgodsbeelde wou buig nie. Bid vir die perfekte herstel van Jiajia se duim en vir waagmoed vir haar en ander soos sy in hul getuïenisse.

**26 | NOORD-KAUKASUS** Onlangs het 'n klein meisie, Ludmilla\*, gevrees dat sy sou sterf omdat haar ouers haar dikwels slaan. Maar nadat sy die Bybel gelees het wat sy ontvang het, sê sy, "Nou weet ek dat Jesus altyd by my is en dat ek vir niks hoef bang te wees nie!" Bid dat God haar ouers se harte sal aanraak en versag en dat sy sal bly groei in haar jong geloof.

**27 | KENIA** Nadat Sarah, 'n laerskoolleerling, 'n Christen geword het, het sy soveel mishandeling van haar ouers ervaar dat sy na haar ouer suster se huis moes vlug. Haar skoolfondse is agterstallig namate haar suster sukkel om na haar en haar ander kinders om te sien. Bid dat Sarah in haar geloof sal groei terwyl sy die Here se voorsiening ervaar.

**28 | NIGERIË** Die ontvoering van Christenmeisies, wat dan gedwing word om tot Islam te bekeer en met 'n Moslem te trou, is 'n groot uitdaging vir die Christengemeenskap in noordelike Nigerië. Bid vir wysheid vir die Kerk namate hulle gemoeid is met hierdie moeilike saak. Bid dat die Here hierdie meisies van sulke mishandeling sal beskerm.

**29 | INDIË** Meisies word as ondergeskik aan seuns geag en daarom ontvang hulle baie minder onderrig as seuns. Dié vermeende ondergeskiktheid lei ook tot die selektiewe aborsie en kindermoord van babadogtertjies. Bid dat, namate baie van hierdie meisies grootword, hulle hul waarde en identiteit in Christus sal vind, ondanks wat die samelewing van hulle mag dink.

**30 | EGIPT E** In landelike Egipte is die ontvoering van Christenmeisies, sowel as onsedelike aanrading, 'n konstante bedreiging. Dogters, susters, vriende – hulle raak vermis, dikwels onverhoeds en slegs 'n fraksie van die meisies keer terug huistoe. Bid vir die beskerming van meisies in Egipte van sulke gevaar.

**31 | CHRISTENKINDERS IN SUID-AFRIKA** Om die volgende generasie van Christene groot te maak is so 'n voorreg. Kom ons bid vir ons biologiese en geestelike kinders, asook ons niggies en nefies – dat God magtig in hul lewens sal werk sodat hulle die ligdraers van Jesus Christus in ons land en die uithoeke sal wees. Mag hulle ook 'n stem vir ons vervolgte familie wees.

\*Name verander en verteenwoordige foto's gebruik vir sekuriteitsredes.

Vervolg  Maar nooit alleen.



**Geopende Deure**

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd



Open Doors South Africa

[www.opendoors.org.za](http://www.opendoors.org.za)  
Posbus 1771, Cresta, 2118  
T +27 11 888 9341  
E [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org)